



Formuliere

Met erkenning aan ALT De Bruijne

Die liturgiese formuliere se plek en rol in die denke van die Geloofsbond, sal onder die loep moet kom. Die Skietlood wil die gesprek laat begin deur enkele gedagtes aan te dui.

Dit raak al hoe meer die gebruik om by spesiale geleenthede nie die formuliere te lees nie, of uit die vuis so te verkort dat hulle haas onherkenbaar is. Dit dui op 'n gebrek aan historiese bewussyn asook 'n onkunde oor die rol van die formuliere. Die strewe na die lukrake herskryf van die formuliere of die skryf van nuwe formuliere, is 'n tendens wat ewe-eens getuig van onkunde. 'n Diep teologiese beredenering van die formuliere moet enige aksies vooraf gaan. Die formuliere wat tydens die erediens in die liturgie ingewerk word, bevat formulerings waarop die Reformatoriese kerke ooreengekom het om te gebruik by die rituele wat tydens sekere eredienste plaasvind.

Die kern formuliere sluit in die twee sakramente van doop en nagmaal, asook tughandeling (ban en heropname), belydenisaflegging, bevestiging van predikante, ouderlinge en diakens. Hierdie is almal rituele wat van tyd tot tyd in die liturgie ingebed word. Sekere formuliere het 'n meer periferiese gebruik soos die huweliksformulier wat 'n samestelling van kerklike en burgerlike denke en praktyke is.

Naas die drie Formuliere van Eenheid (Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en Dordtse leerreëls) is die formuliere ook aanduiding van

eenheid in tug, leer en sistematiese denke. Die formuliere het met ander woorde 'n simboliese betekenis, maar die formuliere het ook 'n kategetiese funksie. So byvoorbeeld kan die doop waarskynlik sonder voorlees van die formulier bedien word, maar dit is haas ondenkbaar hoe so 'n gebeurtenis sonder vormgewing sal lyk.

Die formuliere verduidelik die beginsels van die ritueel wat gaan plaasvind, hetsy doop, nagmaal of die geloofsbelydenis. Ouderlinge se handeling onder die tug wat uitloop op iets soos die formulier van die ban, moet duidelik begrond word sodat lidmate verstaan wat is aan die gang. Net so vind ons ook die rol van die drie ampte (predikant, diaken, ouderling) in die kerk se formuliere verwoord.

In die formuliere vind ons met ander woorde 'n verduideliking van die handeling wat gaan plaasvind asook die teologiese agtergrond vir die handeling wat gaan plaasvind. Die formuliere het derhalwe 'n sterk lerende funksie.

Formuliere is eie aan die Reformasie en is van groot belang om verskeie redes. Die vrae wat in die formuliere opgeneem is, is toegespits op die saak waaraan aandag geskenk word. Indien kerke die liturgiese handeling sonder die formulier sou wou verrig, kan dwalinge plaasvind en die geskiedenis leer dat dit inderdaad al gebeur het.

Die meeste van ons formuliere is tydens die 16e eeuse Reformasie opgestel. Daar moet tipies reformatories (*reformata semper reformanda*) gevra

word of liturgiese formuliere nog 'n toekoms het?

Ons liturgiese formuliere dra ook die stempel van hulle ontstaanstyd (Reformasie). Die eerste gemeentes (lees in Handeling), en by afleiding die vroeë kerk, het nie formuliere voorgelees nie. Daar was vasgestelde handeling (rituele) gewees wat gepas het by die liturgiese gebeurtenis. So byvoorbeeld was daar vasgestelde handeling betrokke by 'n bepaalde gebeurtenis soos die doop.

Doop kategorie en 'n tydperk van was deel van die aanloop. Tydens die doop was daar 'n openbare belydenis van geloof asook die afswering van die duiwel, gevolg deur handoplegging en standaardformulerings wat uitgespreek is. Daar kan 'n saak daarvoor uitgemaak word dat hierdie standaardformulerings 'n voorloper van formuliere kon wees. Die formulerings het tipies met rituele gepaard gegaan en het aanvanklik van kerk tot kerk verskil. Na die vervolging van gelowiges onder Konstantyn gestaak is, het die kerk 'n meer gesentraliseerde karakter gekry en het die formulerings gemeenskaplike eiendom geword. In die loop van die Middeleeue het die aantal rituele rondom die doop geweldig uitgebrei. In dieselfde tyd was gewone gelowiges se teologiese kennis bitter min. Die aanloop (kategorie en vas) het in onbruik geraak en baie mense het meegemaak aan die doop sonder om te verstaan wat gebeur. Lidmate het inderdaad uit gewoonte en bygeloof gedoop. Aan die wortel van die saak, moet die Roomse kerk se leer oor sakramente blameer word vir die verkeerde opvattinge rondom die doop.

Alle liturgie het streng rituele karakter getoon en formulerings, insluitende Skriflesing, het in Latyn geskied. Al hierdie faktore het daartoe gelei dat lidmate uiters onkundig was.

Die Reformasie het daarna gestreef om dit te verander. Hulle het byvoorbeeld by die doop die meeste rituele afgeskaf omdat dit die eintlike doophandeling oorskadu het. Hulle het die rituele vervang met formuliere wat die betekenis van die sakramente en ander handeling teologiese begrond en beskryf het. So aan die begin van die Reformasie was die kennis van lidmate en voorgangers gebrekkig. Elke geleentheid om hulle te kerkiseer, moes aangegryp word.

Lidmate en ampsdraers was in den breede nie sonder meer in staat om die leer oor byvoorbeeld die doop te verduidelik nie. Die formulier van die doop sit hierdie leer op so 'n manier uiteen dat twee dwaalleringe wat in daardie tyd aan die orde was, weerspreek word.

- Teenoor die Roomse dwaalleer is beklemtoon dat die doop nie 'n outomatiese, feitlik magiese, inspuiting van genade (*gratia infusa*) vorm nie, maar dat dit 'n lewende verhouding met God (die verbond) beseël.
- Teenoor die Wederdopers is die eenheid tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament beklemtoon om duidelik te laat blyk dat ook die kinderdoop nodig is.

Die meeste ander liturgiese formuliere het teen dieselfde agtergrond van 'n kategorieese behoefte ontwikkel. Die formuliere het die reformatoriese identiteit verwoord, lidmate opgelei en herinner aan die kernsake wat ter sprake

is. Die formuliere rondom die sakramente is besonder belangrik, omdat die korrekte bediening van die sakramente een van die kenmerke van die ware kerk is (saam met woordverkondiging en tug). Ons moet duidelik onderskei tussen die formuliere en die belydenisse, en tog het die formuliere 'n belydende karakter.

Die formuliere dien met ander woorde hoofsaaklik twee sake. Daar is 'n onderwysende en 'n rituele dimensie aan elke formulier.

Die rituele dimensie is vanselfsprekend. Die erediens se inrigting (liturgie) is na sy aard vormgewend. Formuliere formaliseer sekere aspekte van die ritueel deur byvoorbeeld die instruksies en vrae opgeneem in die ter sake formulier. Die een gevaar wat altyd voor die deur van die reformasie staan, is dat die formulier in totaliteit net weer ritueel word. So kan dit gebeur dat die lees van die formulier as deel van die ritueel gesien word en sonder die nodige erns benader word. Lidmate kan dan byvoorbeeld tydens die Nagmaal tipies "afskakel" vir die deel van die ritueel wat die lees van die formulier behels.

Die onderwysende dimensie van die formuliere bly van groot belang. Dit is inderdaad so dat ons reeds bykans vyf eeue van Reformatoriese denke as agtergrond het. Is lidmate en ampsdraers steeds so oningelig? Staan die wolf van dieselfde dwaling voor die deur? Ampsdraers is beter opgelei. Die probleem is net dat hierdie opleiding soms hoogs "wetenskaplik" is en dat sake soos die teologiese onderbou van die sakramente nie ter sprake kom nie of selfs ondergrawe word. Daar kan met reg gevra word of die drie Formuliere van Eenheid inhoudelik bespreek word

tydens die teologiese opleiding van predikante. Dieselfde geld die formuliere, word hulle deurgrond in die klaskamer?

Daar is ouderlinge, diakens en lidmate wat hulle teologies ingrawe en met insig die sakramente kan bespreek. Die vraag is of die deursnee lidmaat in hierdie eeu van ooraanbod van inligting, nog die kategese se inhoud kan onthou. Dit veronderstel dat die kategese wel van 'n goeie gehalte was. In baie kerke word die kategese so afgewater dat dit te betwyfel is of daardie lidmate die basiese teologiese beginsels van die sakramente verstaan.

Die stortvloed van wederdopers, grootdopers en aanverwante praktyke dui juis op 'n vlak van onkunde wat die donker eeue ewenaar. Dit is ironies dat die mens in die 21e eeu ten midde van alle inligting beskikbaar, 'n vlak van onkunde toon wat in skrilte kontras is met die potensiaal. Lidmate verstaan nie die doop nie en lidmate word steeds deur die dwalinge van die verlede verlei en geteister. Daar is 'n saak daarvoor uit te maak dat die formuliere se kategetiese funksie noodsaaklik is.

Daar is altyd nuwe maniere waarop ou dwalinge na vore kom. So byvoorbeeld is daar meer as een dwaling wat mense verlei ten opsigte van die doop. Nuwe formuliere sal altyd welkom wees as kategetiese anker. Formuliere moet nie geskryf word net om iets nuuts daar te stel nie. Doelmatigheid en bruikbaarheid is van groot belang. Die Skietlood beweer dat die toets van tyd sal wees of nuwe formuliere kategeties en ritueel 'n behoefte aanspreek. Een saak is seker, die huidige formuliere is onverkort van groot nut – beweer Die Skietlood.